

Die trane begin eensklaps
oor haar wange gly.
Hoekom het Megan
sowaar die prys gekry?



Pampoenpit het geoefen.
Haar liedjie vlot geken.
Dit is so onregverdig!
Vir wat moes Megan wen?



Haar kwaad begin te rammel.
Dit SIS en GROM en HAP.
Dit word 'n groot groen monster
wat dreig om te ontsnap.

Sy dink: "Is ek nie goed genoeg nie?
Wat is fout met my?
Hou almal meer van Megan?
Gaan sy al die pryse kry?"